



BIEG BEROU BEKERING

MITE? MISVERSTAND?

WANOPVATTING?

Hierdie uifers belangrike Sakrament van die Katolieke Kerk, die Bieg, ook genoem die Sakrament van Boete, -Versoening, -Vergifnis, of -Bekering, word ongelukkig dikwels verkeerd verstaan!

Hier is 5 mites oor die Bieg waarin te soveel mense ongelukkig steeds vashou en uit onkunde glo!

1^{STE} WANOPVATTING

DIE BIEG IS DEUR DIE KATOLIEKE
KERK UITGEDINK EN IS NIE IN DIE
BYBEL TE VINDE NIE



Die kern van die Biegsakrament word deur Christus self in die Heilige Skrif uitgespreek:

"Jesus sê toe weer vir hulle: 'Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook'. Nadat hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: 'Ontvang die Heilige Gees! As julle mense se sondes vergewe, is dit hulle vergewe; as julle dit van hulle weerhou, bly dit van hulle weerhou.'" Johannes 20:21-23 (DV)

2^{DE} WANOPVATTING

DEUR TE BIEG TOON KATOLIEKE DAT HULLE GLO DAT CHRISTUS SE KRUISOFFER NIE VOLDOENDE WAS NIE

Hierdie beswaar word gewoonlik deur ons Protestante broeders en susters geopper: Waarom sou 'n mens meer vergifnis nodig hê as hy/sy reeds sy/haar geloof in Christus geplaas het?

Daar is egter twee kernwaarhede omtrent die Sakrament wat misgekyk of verkeerd verstaan word:

Die krag van die Sakrament kom uit die offer van Christus, wat oneindige genade vir ons aan die Kruis verkry het. Om te Bieg is nie 'n aparte bron van genade van Christus nie; die Biegsakrament is juis die instrument

vir hoe die genade van Christus in ons lewe toegepas en uitgeleef word.

Sommige Protestante dink dat na 'n persoon se aanvanklike bekering, daar nie meer samewerking en groei in die Verlossingsgenade nodig is nie. Die Katolieke Kerk, in teenstelling, leer dat die Christelike lewe en wandel 'n voortdurende bekering en groei in heiligheid is deur die genade van Christus.

3^{DE} WANOPVATTING


DIE BIEG IS ANGSAAJEND

As 'n mens nog nooit gebieg het nie, of baie lanklaas gebieg het, mag dit wees dat die biegteling bang is vir die reaksie van die priester en kan die biegteling selfs dink dat die priester geskok kan wees oor die sondes wat bely gaan word. Die ervaring van die oorgrote meerderheid van Katolieke getuig daarvan dat die teenoorgestelde waar is. Die rol van die priester is nie om om te veroordeel of te verdoem nie, maar om God se genade en versoening aan die biegteling te bied.



4^{DE} WANOPVATTING

DIE BIEG IS OPSIONEEL




Toe nie! Volgens die voorskrifte van die Kerk, moet alle Katolieke ten minste een keer per jaar gaan Bieg. Verder is die Sakrament van Versoening, of die begeerte daarvoor, nodig vir die verlossing van die gedooptes wat in 'n toestand van doodsonde verkeer. Dus is die Sakrament is 'n noodsaaklike deel van 'n bedyende Katoliek se lewe.


5^{DE} WANOPVATTING

DIE BIEG IS NET BEDOEL VIR 'REGTE-SLEGTE' MENSE

Ook nie waar nie! Soos reeds in punt 3 genoem, moet Katolieke ten minste een keer 'n jaar gaan Bieg. Verder is dit goed om te onthou dat ons almal sondaars is. Soos die Skrif sê: *"As ons sê dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom (Christus) tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie"*. 1 Joh. 1:10 (DV)



OPSOMMING



Christus het dié Sakrament ingestel vir die bekering van gedooptes wat deur die sonde van Hom vervreemd geraak het en in wie se lewens Christus se oproep tot bekering bly weerklink.

Bekering bly 'n voortdurende verpligting vir die hele Kerk, wat heilig is maar in haar skoot sondaars dra. Dit is die beweging van 'n hart "vol berou" wat deur die goddelike genade aangewakker word om God se barmhartige liefde te beantwoord.